

Lewenspolisse: Begunstiging kan probleme skep

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek wil vandag kyk na die verband tussen jou testamentêre bepalings en die begunstiging van lewenspolisse op jou lewe.

As die twee nie met mekaar “praat” as deel van ’n sinvolle boedelplan nie, kan dit onaardse ongelukkigheid by naasbestaandes veroorsaak.

Die begin van die probleem wat ek wil uitlig, lê waarskynlik in ’n algemene wanopvatting dat polisse wat direk aan begunstigdes uitbetaal, nie in jou boedel opgeneem word nie en dus ook nie onderhewig is aan boedelbelasting nie. Dit is bloot nie waar nie.

’n Polis op jou lewe, al betaal dit direk aan ’n begunstigde, word in jou boedel opgeneem as geagte eiendom en in berekening gebring vir boedelbelasting. Hierdie wanopvatting kan ’n ernstige leemte in jou boedelbeplanning wees met erge finansiële gevolge.

Benewens boedelbelasting waarvoor nie voorsiening gemaak is nie, kan die boedel met ’n kontanttekort sit om boedeluitgawes te dek.

Kollegas wat spesialiseer in boedelberedding sê vir my dat ’n kontanttekort in die boedel die enkele grootste rede is waarom boedels nie gou afgehandel kan word nie.

Nietemin, daar is soms goeie rede om ’n polis direk aan iemand te begunstig (die polis betaal dus by jou dood direk aan daardie persoon uit).

Maar hier is die stertjie: Maak seker dit vorm deel van jou boedelplan en jy doen dit nie net omdat jy dink jy gaan bespaar op boedelbelasting nie, want soos ek sê, daardie storie is bloot nie waar nie.

Jy kan wel bespaar op die eksekuteurstarief as die polis buite die boedel uitbetaal, maar neem in ag sonder geld

in die boedel kan die eksekuteur nie die boedelverpligtinge nakom nie en dit kan weer lei tot die verpligte verkoop van bates wat jy vir erfgename bewillig het.

Dit bring my by die verband tussen jou testament en jou lewenspolisse. Jy kan die opbrengs op ’n lewenspolis net in jou testament bemaak as daardie polis aan die boedel uitbetaal. Indien dit begunstig is aan iemand anders, sal die versekeraar die polis aan daardie persoon uitbetaal.

Lees wat ek verlede week in dié rubriek geskryf het. Versekeraars betaal volgens kontrak uit en as jy ooreengekom het dat die polis aan iemand uitbetaal, is dit wat sal gebeur.

Maar wat nou as die persoon voor jou te sterwe gekom het en jy het nie die polisbegunstiging verander nie? Dit kan sy eie geldnagmerrie veroorsaak.

Die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) het twee bepalings wat toelaat dat ’n afstammeling van ’n erfgenaam sal erf as die erfgenaam nie kan erf nie, byvoorbeeld as daardie erfgenaam reeds dood is. Met lewenspolisse bestaan daar nie so iets nie.

Die polis sal aan die boedel uitbetaal. En dit val in wat genoem word die restant van die boedel. Die restant is dit wat in ’n boedel oorbly nadat alle verpligtinge nagekom is. Die polisopbrengs sal dan deel vorm van wat aan jou restant-erfgename uitbetaal.

Die vraag is nou: Wat as jy beplan het dat die polis aan ’n kind uitbetaal as sy of haar erfdeel met die gedagte dat dit ook tot voordeel van kleinkinders sal wees? En nou is die kind oorlede en die geld beland in die boedel?

Jy het pas jou kleinkinders onterf as hulle nie onder die restant-erfgename is nie. ’n Polis en testament wat nie deel vorm van ’n finansiële plan nie, skep vals gemoedsrus.

■ **Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg, 2000 of nico@finlac.com; Twitter: [@Nicovangijsen](https://twitter.com/Nicovangijsen)**